

# *Qua Vadis?*

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 216**

(Julie 1987)

## **Die Kerk - 'n gebou van God in die Gees**

\* \* \* \* \*

"Julle is 'n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en die profete, 'n gebou waarin Jesus Christus self die hoeksteen is."

(Ef. 2:20)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# Beslissend en finaal

Baie mense beskou die Kerk as 'n blote sisteem . .

- as maar nóg een plek wat van jou iets eis
- as iets soortgelyk aan 'n alledaagse vereniging.

En dan dink hulle: Ek behoort aan die Kerk as ek wil. En as jy nie wil nie . . . ook maar goed so!

Nee, my geagte Vriend en Vriendin — Só eenvoudig is dit óók nie. Inteendeel, elke mens word deur God "*verplig*" om hom of haar by 'n Kerk te voeg!

Lees gerus 1 Petrus 2:5:

"Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis . . ."

Dis 'n opdrag, sê Petrus! Ook die apostel Paulus gee die opdrag in 2 Kor. 6.

Die vraag is natuurlik: Hoekom?

Doodeenvoudig, omdat daar *buite* die kerk géén saligheid is nie!

Hoekom sê ons so?

Omdat *Christus* die Kerk ingestel het . . .

- tot 'n eenheid van gelowiges waarby jy en ek deel *móét* wees
- om tot Sy eer te aanbid
- om die gawes wat Hy gegee het, met vreugde te deel met mekaar
- om saam onder die juk van Christus te buig
- om gebou te word in die *geloof*.

En die geloof, só staan dit in Joh. 3:36 en Rom. 1:17, is wat nodig is om in die hemel te kom. En geloof word alleen gewerk deur die verkondiging van die Woord — in die Kerk dus (Rom. 10:14).

Daarby kom nog die uitspraak van ons Here Jesus Christus in Matt. 16 as Hy Sy Kerk stig. Hy sê dan dat die *Kerk* die sleutels van die hemel besit — dit is die Bybel en die tug! En wat die Kerk op *aarde* oopsluit, bly oop óók in die hemel!

Sien jy . . . die Kerk . . . om lidmaat te wees van die Kerk op aarde — dis beslissend en finaal, ook vir die ewigheid!

Dink jy miskien nog dat Kerk sommer maar "iets" is?

Dit kan nie . . . dit mág nie . . .

God beveel jou: Sluit jou aan by Sy Kerk. Kom ons handel dan volgens Gods bevel!

Maar pasop — net so gevaarlik, as ons NIE aan 'n Kerk behoort nie, net so gevaarlik is dit om gewoonte-kerkganger te wees . . .

- om ongemotiveerd te wees
- om 'n vaal, niksseggende lidmaat op papier te wees.

Nee, ons moet *lewende* lidmate wees . . . gemotiveerd . . . ywerig!

Want die Kerk dra die heerlikste en wonderlikste boodskap ter aarde; naamlik die boodskap dat Christus vir jou sonde gesterf het!!!

Wat 'n seën en voorreg om elke Sondag (twee keer) hierdie heerlike Evangelie te hoor.

— 'n seën en voorreg om Kerk te kan wees van Jesus Christus!

En onthou: Kerk-wees . . . jou kerk-wees is beslissend en finaal vir die lewe ná die dood!

**Maak Kerk en Kerkgang jou erns!**

***Ds. Nico Ligthelm***

# Die kerk — 'n gebou van God

Ef. 2:20:

"Julle is 'n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en die profete, 'n gebou waarvan Jesus Christus self die hoeksteen is."

Die Bybel praat op verskillende plekke, en in 'n verskeidenheid van beeldryke taal oor die ontstaan en die bestaan van die Kerk.

Die Kerk word genoem:

- die liggaam waarvan Christus die Hoof is.
- die bruid van die Bruidegom Christus.
- die kudde van die Goeie Herder Christus.
- die volk waarvan Christus die Koning is.
- en hier in Ef. 2 noem Paulus die Kerk 'n gebou van God waarvan Jesus Christus self die Hoeksteen is.

Daar bestaan 'n onlosmaaklike eenheidsband tussen Christus en sy Kerk. Die woord "Kerk" beteken in wese ook:

"Eiendom van Christus."

Die Kerk het sy ontstaan en bestaan te danke aan die genadewerk van God in Christus. Die Kerk is 'n gemeenskap van gelowiges wat deur Hom self vergader en beskerm en onderhou word. Dit is 'n instelling van God Self, en geen bloot menslike organisasie waarby elkeen na willekeur kan aansluit of daaruit bedank nie.

In Ef. 2 vergelyk Paulus die Kerk met 'n gebou wat deur God opgerig word, 'n geestelike huis.

Hierdie gebou is in die ewigheid reeds deur God beplan, nog vóór die skepping van hemel en aarde. Die oorsprong van die Kerk lê in die ewige raadsbesluite van God. In hierdie gebou word alle gelowiges ingemessel as lewende stene, wat goed saamgevoeg verrys tot 'n heilige tempel vir die Here.

Ons lees dat hierdie gebou opgerig is op die fondament van die apostels en die profete. Hulle was die mense wat deur die verkondiging en die teboekstelling van die Woord van die Here die fondament gelê het. Hierdie gebou van God staan dus onwankelbaar op die vaste fondament van die Woord.

En in die fondament is daar 'n hoeksteen. Die hoeksteen van 'n gebou, in die Bybelse tyd was die belangrikste deel van daardie gebou. Die hele gebou het daarop gerus en is daardeur aanmekaar gehou. Die hoeksteen was bepalend vir die vorm en die struktuur en die stabiliteit van die gebou.

En nou lees ons dat Jesus Christus die hoeksteen is van hierdie geestelike tempel van God. Daarvan het Jesaja eeue vantevore reeds geprofeteer (Jes. 28:16). Dit is Jesus Christus alleen wat die struktuur en die voortbestaan en die lewe van sy Kerk bepaal.

Efesiërs 2 sê verder dat hierdie gebou van God, die Kerk, 'n heilige tempel is vir die Here, 'n geestelike huis waarin God woon. Deur sy Gees woon God in sy Kerk. Op die Pinksterdag is die Heilige Gees in die Kerk en in die hart van elke gelowige uitgestort om by ons te bly tot in ewigheid. Daarom kan die poorte van die hel die Kerk nie oorweldig nie.

Die stene waarmee die mure van hierdie geestelike huis gebou is, het ons gesê is lewende stene: al die ware gelowiges van die begin af. Aanvanklik het hierdie stene net gekom uit die

geledere van Israel, die volk van God in die Ou Testament. Daartoe het God vroeg reeds vir Abraham en sy nageslag uitverkies (Gen. 15 en 17), en met hulle 'n verbond gesluit.

Maar met die koms van Christus, na Wie die hele Ou Testament heengewys het, het Hy God se genadeverbond deurgevoer, die muur van skeiding afgebreek en die verbondsgenade van God laat uitbrei ook na ander volkere. Deur die versoeningswerk van Christus sluit die Godsvolk vandag gelowiges uit alle volke in.

Die gebou van God, die kerk wat in die O.T. net uit een volk bestaan het, word nou in die nuwe bedeling opgebou deur lewende stene uit alle volke, gelowiges wat as die volk van God daar ingemessel word.

Hierdie gebou is dus nie staties nie.

— dit staan nie stil nie.

Dit word groter, dit groei, dit verrys. God voer sy bouwerk onstuitbaar deur, totdat die getal van sy uitverkorenes voltallig is en die voleinding plaasvind.

In Ef. 3:6 lees ons dat ons mense wat nie Jode is nie, deur die verkondiging van die Evangelie deel word van die volk van God en lede van die liggaam van Christus.

Steeds meer mense word deur die geloof daartoe gebring en as lewende stene ingemessel in die gebou van God. Hy bou voort — maar steeds op dieselfde fondament en op dieselfde Hoeksteen.

In hierdie Hoeksteen, Jesus Christus, word hierdie gebou saamgesluit tot 'n heilige eenheidsgemeenskap, uit alle volke en tale, tot eer van God.

Dit is Hy wat sy Kerk tot stand gebring het; dit is Hy wat sy Kerk in stand hou; dit is Hy wat sy Kerk bewaar en vermeerder; en dit is Hy wat aan sy gelowiges opdrag gee:

— "Gaan dan heen, maak dissipels van die nasies . . ."

— "*Julle sal My getuies wees ...*"

— Dien My met liefde en toewyding en gehoorsaamheid.

— "Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis, om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is." (1 Pet. 2:5).

Kerklidmaatskap is 'n groot verantwoordelikheid

— **maar ook 'n oneindige voorreg!**

Want as ek deel is van die volk van God,

— 'n lewende steen in sy heilige tempel,

dan weet ek dat ek ook my burgerskap in die hemel ontvang, en dat ek eenmaal in die ewige Vaderhuis sal tuis kom, om God daar ewig te loof en te prys!

***Ds. Pieter van der Walt.***

# Die merktekens van die ware kerk

Watter van die baie kerke in ons land is Christus se kerk waarby jy jou moet voeg?

Miskien is dit jou probleem.

Deur duiwelse invloed het die kerk in die geskiedenis die spoor van die Bybel byster geraak. Deur die leiding van die Heilige Gees het mense dit ingesien en gesê:

Kom, ons moet terug na die Bybel.

Dit het dikwels skeuring tot gevolg gehad, want alle mense is nie ewe bereid om na die Woord van God te luister nie.

Vandaar die baie kerke.

Wat moet ons maatstaf wees tussen al die kerke?

— Die vriendelikste dominee, die mooiste —, grootste — of oudste kerk, die geselligste — of belangrikste mense?

OF

— Die Woord van God waaruit ons moet vasstel wat 'n kerk tot ware kerk van Christus maak?

## **JA, ALLEEN DIE WOORD VAN GOD!**

Toe Christus beveel het dat sy gelowiges in 'n kerk georganiseer moet word, het Hy veral die volgende aan die kerk opgedra:

1. Om dissipels te maak (Matt. 28:19), d.w.s. om te preek, die evangelie te verkondig.
2. Om die doop te bedien (Matt. 28:19), en om die nagmaal te vier (1 Kor. 11:23-26).
3. Om christelike dissipline en orde oor die gelowiges te handhaaf (Matt. 16:19 en 18:15-18).

Hierdie drie sake moet ons vanuit Gods Woord aanneem as die kenmerke van die ware kerk.

### **I. SUIWERE BEDIENING VAN DIE WOORD.**

Die Heilige Gees werk en versterk die geloof deur die verkondiging van die Woord. Daarom is dit noodsaaklik dat dit reg en suiwer bedien word. Niks mag bygevoeg en niks weggelaat word nie (Openb. 22:18 en 19). Die volle raad van God moet verkondig word met Jesus Christus in die sentrum van elke preek. Sonder tierlantyntjies moet die Woord in eenvoud bedien word.

### **II. SUIWERE BEDIENING VAN DIE SAKRAMENTE:**

Behalwe die prediking het Christus ook sigbare hulpmiddels as ondersteuning van ons persoonlike geloofslewe gegee. In die kerklike taal word dit sakramente genoem. Dit is die doop en die nagmaal.

Elke sakrament is 'n teken en seël van God se beloftes en moet alleen bedien en gebruik word soos Christus dit ingestel het.

### **III. TOEPASSING VAN KERKLIKE TUG:**

'n Huisgesin sonder dissipline en 'n staat sonder 'n polisiemag om orde te handhaaf voorspel net chaos. So is dit ook in die kerk. Sonder dissipline en tug word dit wild en onvrugbaar.

Kerklike tug is om iemand wat op die rand van 'n afgrond staan en dreig om oor te val,

betyds te keer.

'n Kerk met al drie hierdie kenmerke is die ware kerk. Moet net nie dink dat jy êrens 'n volmaakte kerk sal aantref nie. Geen kerk is volmaak nie. Die vraag is egter: **Hoe staan die kerk self teenoor sy eie tekortkominge?**

***Ds. Sarel Cilliers.***

# Die lewe van die gelowige

Matt. 7:17:

"Elke goeie boom dra tog goeie vrugte,  
maar 'n slegte boom dra slegte vrugte."

## Word raakgesien

'n Ware christen, 'n kind van die Here, word eenvoudig deur ander mense raakgesien. Dit kan nie anders nie, want as jy in God glo, dan sal dit uit jou gewone lewe baie duidelik blyk dát jy glo. Jy sal wees soos 'n stad wat op 'n berg staan en soos 'n lamp wat in 'n donker kamer skyn — jy sal nie mis gekyk kán word nie.

## Onderskeid

Daar is 'n duidelike *onderskeid* tussen 'n mens wat *glo* en wat *nie glo nie*. Die Bybel gebruik baie beelde om dié kontras vir ons aan die orde te stel. Ons kyk na 'n paar:

- 'n Goeie boom dra goeie vrugte — 'n slegte boom dra slegte vrugte. (Matt. 7:17).
- 'n Ongelowige bring die praktyke van die *sondige natuur* voort (vyandskap, haat, woede, rusies, afguns, dronkenskap). — die ware gelowige dra die *vrug van die Gees* (liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, nederigheid, selfbeheersing). (Gal. 6:19-22).
- Die goddelose is soos kaf wat deur die wind uitmekaar gewaai word — die regverdige is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is: Sy vrugte is op die regte tyd, sy blare verwelk nie. (Ps. 1).
- 'n Dwaas laat hom nie onderrig nie — 'n wyse luister na wat God hom leer.
- Die goddelose loop op die breë pad wat vol wêreldse genot is — die ware kind van God rig sy lewe in volgens die smal weg, die Woord van God.

## Voedingsbodem

Die rede waarom die kind van God se lewe radikaal anders daar uitsien, is omdat sy lewe 'n ander voedingsbodem het as die ongelowige.

*Die ware gelowige* — soos sy naam sê — *glo* in God. Met alles wat hy is en het *hou* hy aan God vas; het hy sy Vader in die hemel lief; *vertrou* hy op die Allerhoogste Wie hy sy beskutting gemaak het.

Hy slaan sy wortels diep in die vaste fondament van die Woord van God.

Hy drink met groot teue by die fontein van die lewende water, Jesus Christus.

Jy sal hom sien "drink": Hy hou getrou huisgodsdien. Hy onderrig sy kinders uit die Skrif. Sy plek in die kerk is nooit leeg nie. Sy gebedslewe is op datum. Hy maak nie vir hom skatte hier op aarde bymekaar waar mot en roes kan verniel, en waar diewe kan inbreek en steel nie — nee, sy skat is in die hemel.

Die ware kind van God lewe naby aan sy Vader.

## Nie sonder sonde

Geen mens is sonder sonde nie. Net Jesus Christus was sonder sonde. Die gelowige is eweneens nie sonder sonde nie.

Maar die verskil tussen hom en 'n ongelowige is dit:

Die gelowige weet hy is sondig; hy besef sy sonde.

Die ongelowige nie. Sy sonde pla hom nie.

Die gelowige het ook 'n hartgrondige begeerte om van sy sonde verlos te word. Hy weet: My



sondes *is* vergewe omdat Christus daarvoor aan die kruis gesterf het.

Die gelowige stry teen die sonde. Hy veg — deur die krag wat God in Heilige Gees vir hom gee — teen die listige aanvalle van die Satan.

Die gelowige struikel en val dikwels; ja, daagliks, maar deur God se genade staan hy weer op. Hy bly nie lê in die sonde nie.

Die ware gelowige is *salig!*

Die stryd van die gelowige is swaar — soms uitgerek en moeisaam, maar uiteindelik meer as die moeite werd, want:

**Die smal weg mond uit in die ewige lewe!**

***Ds. A. H. Grové***

# Kerk . . . en sy werk na binne

Net voor die Hemelvaart van ons Here Jesus gee Hy hierdie opdrag aan sy dissipels:

"Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: Doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het." (Matt. 28:19, 20).

Liewe Leser,

Die laaste sin, "en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het" . . .

Dit is die werk van die kerk na binne.

Die kerk het dus 'n besondere taak t.o.v. sy eie lidmate. Hierdie lidmate moet geleer word om alles te onderhou. Hierdie lidmate moet versorg word; hierdie lidmate moet gevoed word.

Die kerk op aarde is 'n strydende kerk!

Die stryd teen die sonde, die stryd teen die magte van boosheid, die stryd teen dwaling, die stryd teen skeuring en kettery, die stryd teen die Satan, die stryd teen die Antichris.

Die kerk is ook die liggaam van Christus. In sy liggaam moet alles ordelik daaraan toegaan. God is 'n God van orde en nie van wanorde nie. Daarom is orde en stigtelikheid noodsaaklik binne die kerk.

In die kerk vind ook tug plaas. Tug as die liefdesmiddel om dié wat onordelik is betyds te waarsku. Tug om dié wat verkeerd is betyds reg te kry. Tug om dié wat oortree betyds te straf. Tug om God se eer te dien, om tot stigting van die gemeente te wees, om tot opbou van die sondaar te wees. Tug in die kerk is geestelike strafmiddel wat in liefde geskied.

. . .

Die Kerk het baie werk na binne. Hiervoor gebruik die kerk ampsdraers.

So kry ons dienaars, of herders wat ons dominees noem. Hulle moet die Woord verkondig, dit is die prediking, hulle moet huisbesoek doen en die dooplidmate onderrig gee. Die werk van die predikant is ook om Nagmaal te hou, en die doop te bedien. Die geestelike versorging is die taak van die predikant.

Dan kry ons die ouderling of opsiener wat verantwoordelik is vir die orde, vir die goeie welstand, vir die suiwerheid van Woord verkondiging, en om op 'n geestelike wyse die wat oortree te vermaan en te bemoedig. Die ouderlinge is saam met die predikant verantwoordelik vir die kerk se regering.

Ons kry ook nog die diaken. Sy taak en werk is om die armes en bedroefdes in hulle nood te help en te vertroos. Hulle moet toesien dat almal genoeg het, en versorg is. Hulle maak bymekaar om uit te deel.

. . .

So regeer die Here Jesus sy kerk deur swakke mense. So word die werk van die kerk na binne gedoen. So het Jesus dit bepaal, sal sy kerk in stand en in goeie orde gehou word.

**Lees vir uself 1 Tim. 3.**

***Ds. Leo van Schaik***